Die 2021 CQ Wêreldwye DX-Wedstryd

Stem: 30 tot 31 Oktober Kode: 27 tot 28 November

Begin 00:00:00 UTC Saturdag Eindig 23:59:59 UTC Sondag

I. Doelwit: Vir amateurs wêreldwyd om so veel ander amateurs in so veel moontlik CQ-sones en lande as moontlik te kontak.

II. Bande: Net ses bande: 1,8, 3,5, 7, 14, 21 en 28 MHz. Voldoening aan die bandplan word sterk aangemoedig.

III. Wedstryduitruiling: Stem: RS-verslag plus CQ-sone vir die stasiestandplaas (bv. 59 38). Kode: RST-verslag plus CQ-sone (bv. 599 38). Suider-Afrika is in Sone 38.

IV. Puntetelling:

A. Telling: Die finale telling is die totale QSO-punte vermenigvuldig met die som van die sone- en landvermenigvuldigers. Voorbeeld: 1000 QSO-punte x (30 Sones + 70 Lande) = 100 000 (finale telling).

B. QSO-Punte: Stasies kan eenmaal per band gekontak word. QSO-punte word op die gewerkte stasie se posisie gebaseer.

1. Kontakte tussen stasies op verskillende vastelande tel drie (3) punte.
2. Kontakte tussen stasies op dieselfde vasteland maar in verskillende lande tel een (1) punt. Uitsondering: Kontakte tussen stasies in verskillende lande binne die grense van Noord-Amerika tel twee (2) punte.
3. Kontakte tussen stasies in dieselfde land het geen puntwaarde nie, maar tel wel vir sone- en landvermigvuldigerkrediet.

C. Vermenigvuldiger: Daar is twee tipes vermenigvuldigers.

1. Sone: ’n Vermenigvuldiger van een (1) vir elke verskillende CQ-Sone wat op elke band gekontak is. Die CQ Worked All Zones-reëls is die standaard.
2. Land: ’n Vermenigvuldiger van een (1) vir elke verskillende land wat op elke band gekontak is. Die DXCC-eenheidslys, die Worked All Europe (WAE) landelys plus IG9/IH9 (Afrika-Italië) is die standaard vir land-vermenigvuldigers. Skeepstasies (/MM) tel net as sone-vermenigvuldigers.

V. Inskrywingskategorieë:

A. Enkeloperateur-kategorieë: Een persoon (die operateur) voer alle bedryfs- en logaktiwiteite uit. Daar is geen beperking op tyd of bandveranderinge nie. Net een sein mag op enige oomblik uitgesaai word.

1. Enkel-Operateur: Enige vorm van hulp om QSO's te vind is verbode (sien VIII.2).

a. Hoê Drywing (Alle Bande of Enkelband): Totale uitsetdrywing mag nie **1500 W** oorskrei nie.

b. Laie Drywing (Alle Bande of Enkelband): Totale uitsetdrywing mag nie **100 W** oorskrei nie.

c. QRP (Alle Bande of Enkelband): Totale uitsetdrywing mag nie **5 W** oorskrei nie.

2. Enkeloperateur met Hulp: Deelnemers in hierdie kategorie mag hulp gebruik om QSO's te vind (sien VIII.2).

a. Hoë Drywing met Hulp (Alle Bande of Enkelband): Totale uitsetdrywing mag nie **1500 W** oorskrei nie.

b. Lae Drywing met Hulp (Alle Bande of Enkelband): Totale uitsetdrywing mag nie **100 W** oorskrei nie.

c. QRP met Hulp (Alle Bande of Enkelband): Totale uitsetdrywing mag nie **5 W** oorskrei nie.

B. Enkeloperateur Bykomende kategorieë: Enige Enkeloperateurdeelnemer wat aan die vereistes voldoen mag ***ook*** in enige van die kategorieë hieronder inskryf deur die toepaslike CATEGORY-OVERLAY-lyn in die Cabrillo-loglêerkopstuk in te sluit. Bykomende kategorieinskrywings sal afsonderlik in die uitslae getoon word, as Alle Bande beskou word en as Hoë Drywing of Lae Drywing (wat QRP insluit) gegroepeer word.

1. Klassieke Operateur (Classic): Die deelnemer gebruik net een radio, geen QSO-vind-hulp nie en mag tot 24 van die 48 uur bedryf. **Af-tye is 'n minimum van 60 minute waarin geen QSO aangeteken word nie.** As die log meer as 24 uur se bedryf toon, sal net die eerste 24 uur vir die bykomende kategorietelling tel. Die stasie mag nie ontvang terwyl uitgesaai word nie. Enkeloperateursdeelnemers met Hulp kom nie vir hierdie kategorie in aanmerking nie.

2. Nuweling (Rookie): Die operateur is minder as drie (3) jaar voor die datum van die wedstryd vir die eerste keer gelisensieer. Gee die datum van die eerste lisensie in die kommentaar-veld ("Soapbox"). Vorige Nuweling-wenners kom nie vir trofeë in hierdie kategorie in aanmerking nie.

3. Jeug (Youth): 3. Jeug (JEUG): Die operateur was 25 jaar oud of jonger aan die begin van die wedstryd. Gee die geboortejaar in die kommentaar-veld ("Soapbox").

C. Meeroperateur-Kategorieë (net op alle bande): Enige aantal operateurs word toegelaat. Hulp om QSO's te vind word toegelaat. Net een sein per band word op enige oomblik toegelaat.

1. Meeroperateur-Enkelsender (Meer-Enkel): Net een uitgesaaide sein op een band word in enige 10-minuut periode toegelaat (lopie-stasie). Uitsondering: Een — en slegs een — ander sein (vermenigvuldiger-stasie) mag in enige 10-minuut-periode uitgesaai word, as — en slegs as — dit op 'n ander band as die lopie-stasie is en die stasie wat gewerk word is 'n nuwe vermenigvuldiger. Onafhanklike 10-minuut-periodes geld vir die lopie- en vermenigvuldigersenders. Tien-minuut-periodes begin met die eerste QSO op 'n band. Die log moet aandui watter stasie of sein (lopie of vermenigvuldiger) elke kontak gemaak het. Die vermenigvuldigerstasie mag nie CQ roep of andersins kontakte werf nie. Lees asb. die algemene vrae (Multi-Single FAQ) by <cqww.com/rules_faq.htm>.

a. Hoë Drywing: Totale uitsetdrywing mag nooit **1500 W** op enige band oorskrei nie.

b. Lae Drywing: Totale uitsetdrywing mag nooit **100 W** op enige band oorskrei nie.

2. Meer-Twee: 'n Maksimum van twee seine mag op een slag uitgesaai word, en hulle moet op twee verskillende bands wees. Die logboek moet aandui watter stasie elke QSO gemaak het. Elke stasie mag 'n maksimum van agt bandwisselinge per uur (00 tot 59 minute) aanbring. Die totale uitsetvermoë mag nooit 1500 W op enige band oorskry nie.

3. Meer-Multi: Die ses wedstrydbande mag gelyk geaktiveer word. Net een sein mag per band uitgesaai word. Totale uitsetdrywing mag nooit 1500 W op enige band oorskrei nie.

D. Baanbreker (Explorer): Die Baanbreker-kategorie laat amateurs toe om aan die CQWW-wedstryd deel te neem terwyl dit innoverende bedryfstrategieë, stasieontwerp en tegnologiegebruik aanmoedig. Volle Baanbreker-reëls is by <cqww.com/rules_faq.htm>.

E. Nagaanlog: Inskrywing ingestuur om met die logtoetsproses te help. Die inskrywing sal nie in die uitslae gewys word nie en sal nie openbaar gemaak word nie.

VI. Toekennings:

'n Enkelbandlog sal net vir 'n enkelbandtoekenning in aanmerking kom. 'n Log wat meer as een band bevat sal as Alle Bande beoordeel word behalwe as dit spesifiek as 'n enkelband-inskrywing aangedui word.

A. Sertifikate: Elektroniese sertifikate kan afgelaai word vir elkeen wat inskryf.

B. Trofeë: Houtplakette word toegeken vir die wenners in verskillende kategorieë. 'n Lys van huidige trofeë en borge is by <cqww.com/plaques.htm>. Net een trofee sal per inskrywing toegeken word. 'n Stasie wat 'n trofee wen sal nie vir 'n streekstoekenning in aanmerking geneem word nie; die trofee sal aan die tweede deelnemer in die streek toegeken word.

VII. Klub-Wedstryd:

Die klubtelling is die somtotaal van alle logs wat deur lede ingestuur is. Daar is twee afsonderlike klubwedstrydafdelings.

A. VSA-Klubs: Deelname is beperk tot klublede wat binne sowat 400 km van die middel van die klub se gebied woon.

B. DX-Klubs: Deelname is beperk tot klublede wat óf in die DXCC-land waar die klub gevestig is óf binne 400 km van die middel van die klub se gebied woon.

C. Algemene Klubreëls:

1. Nasionale organisasies (bv. SARL, JARL, REF of DARC) kom nie in aanmerking vir die klubwedstryd nie.
2. Enkeloperateurdeelnemers mag net tot een klub bydra. Meer-operateurtellings mag aan meer klubs toegewys word volgens die persentasie van operateurs wat aan die klubs behoort. Die loginskrywing moet die volle klubnaam uitspel (en die presiese toewysing vir meer-operateurs).
3. 'n Minimum van vier logs moet ontvang word vir 'n klub om in die uitslae te verskyn. Nagaanlogs tel nie vir die klub nie.
4. Die woord "woon" beteken: Om permanent of deurlopend daar te woon of om 'n plek as 'n persoon se vaste, permanente en belangrikste woning vir regsdoeleindes te beset.

VIII. Definisie van terme:

1. **Stationstandplaas:** Die gebied waarin alle senders, ontvangers en lugdrade geplaas is. Alle senders, ontvangers en versterkers moet binne ’n enkele sirkel van 500 m deursnit wees. Lugdrade moet fisies deur RF-voerlyne aan die senders en ontvangers verbind wees.
2. **Hulp met QSO-vind:** Die gebruik van enige tegnologie of ander bron wat ’n roepsein of vermenigvuldiger vir die operateur uitwys. Sulke toestelle sluit Morse-dekodeerders, DX-trosse, DX-Webwerwe (bv. DX Summit) en plaaslike of ander roepsein- en frekwensiedekoderingstoestelle (soos CW Skimmer en Reverse Beacon Network) en enige reëling wat ’n ander operateur insluit in.

IX. Algemene Reëls vir alle Deelnemers:

1. Deelnemers moet enige aktiwiteit wat hulle ingestuurde telling kan beïnvloed binne die perke van hulle gekose kategorie uitvoer.
2. ’n Unieke roepsein moet vir elke inskrywing gebruik word. Slegs die deelnemer se roepsein mag gebruik word om die deelnemer se telling aan te help.
3. Moet nooit die drywingsbeperking van die gekose kategorie oorskrei nie. Totale uitsetdrywing op enige vand word by die uitset van die aktiewe versterker(s) gemeet.
4. ’n Deelnemer mag nie homself of haarself op ’n DX-netwerk meld (“self-spottin g”) of vra om so gemeld te word nie.
5. Afstandbeheer word toegelaat as al die senders, ontvangers en lugdrade op een stasiestandplaas is. ’n Afstandbeheerstasie moet alle reëls van die stasielisensie, operateurslisensie en deelnemingskategoriebeperkings gehoorsaam. Die roepsein wat gebruik word moet deur die Reguleerder vir die spesifieke stasiestandplaas goedgekeur wees.
6. Afgeleë ontvangers buite die stasiestandplaas word nie toegelaat nie.
7. Net een sein word per band op ’n spesifieke oomblik toegelaat. As twee of meer senders op dieselfde band teenwoordig is, ***moet*** ’n hardeware-toestel gebruik word om te verhoed dat meer as een sein gelyk uitgesaai word. Afwisselende CQ’s op twee of meer frekwensies in ’n band word nie toegelaat nie.
8. Alle versoeke vir kontakte, reaksies op roepe en neerskryf van roepseine en wedstryduitruilings moet tydens die wedstrydperiode deur die modus en frekwensies van die wedstryd plaasvind.
9. Regstelling van roepseine en uitruilings na afloop van die wedstryd deur gebruik van enige databasis, opnames, e-pos of ander metodes is verbode.
10. Vir ITU Streek 1-stasies: Dit is verbode om in die Stem-wedstryd bo 7200 kHz in die 40 m-band uit te saai.
11. Vir ITU Streek 1-stasies: Dit is verbode om in die wedstryd onder 1810 kHz uit te saai.

X. Log-Instruksies:

Elektroniese voorlegging van logs word van alle deelnemers **vereis**.

1. **Die log MOET die volgende vir elke kontak wys:** korrekte datum en tyd in UTC; frekwensie (of band); roepsein van die gewerkte stasie; uitruiling gestuur en uitruiling ontvang. ’n Log sonder al die vereiste inligting kan as ’n nagaanlog herklassifiseer word. Kontakte moet aangeteken word wanneer hulle plaasvind. Stasies wat vir Wêreld- en Vastelandstoekennings meeding moet werklike frekwensies vir elke kontak in die log aandui.
2. **Enkelbanddeelnemers moet alle kontakte wat hulle maak aandui**, selfs op ander bande. Net kontakte op die band in die Cabrillo-kopstuk sal vir die telling in aanmerking geneem word. Log met kontakte net op een band sal as Enkelband geag word.
3. **Die Cabrillo-lêerformaat is die standaard vir logs.** Sien <cqww.com/cabrillo.htm> vir instruksies om die Cabrillo-lêerkopstuk in te vul. Foute in die kopstuk kan veroorsaak dat die deelnemer in die verkeerde kategorie geplaas of as nagaanlog hanteer word. Note: VSA-stasies moet die staat in die Cabrillo-kopstuk noem (e.g., LOCATION: OH).
4. **Web-oplaai is die enigeste metode om logs in te stuur.** Logs kan by <cqww.com/logcheck/> opgelaai word.
5. **Instuksies vir elektroniese logs wat nie in Cabrillo is nie:** As jy ’n ander formaat as Cabrillo wil instuur, kontak die Wedstryddirekteur om hulp.
6. **Bevestiging van inskrywing:** Alle logs wat ontvang is sal per e-pos bevestig word. ’n Lys van ontvangde logs is ook op <cqww.com>.
7. **Log-onttrekking:** ’n Deelnemer kan om enige rede ’n voorgelegde log binne 30 dae van die keerdatum onttrek. Kontak die Wedstryddirekteur vir instruksies.

XI. Keerdatum:

1. Alle inskrywings moet binne vyf (5) dae na die einde van die wedstryd ingestuur word: niks later as 23:59 UTC op 5 November 2021 vir Stem en 23:59 UTC op 3 Desember 2021 vir Kode nie. As ’n log na die keerdatum weer ingestuur word sal dit as laat beskou word.
2. Uitstel kan by <cqww.com/contact> aangevra word. Die versoek moet ’n redelike rede verskaf en voor die keerdatum ontvang word. Uitstel word net na bevestiging deur die Wedstryddirekteur toegestaan.
3. Logs wat na die keertyd ingestuur word kan in die uitslae verskyn maar kom nie vir toekennings in aanmerking nie.

XII. Beoordeling:

Die CQ WW DX-Wedstrydkomitee is verantwoordlike om inskrywings na te gaan en te beoordeel. Deelnemers moet die reëls volg en goeie amateurradiopraktyk te volg. Oortreding van die wedstrydreëls en onsportiewe gedrag kan tot dissiplinêre aksie van die Komitee lei.

A. Onsportiewe gedrag: Voorbeelde van onsportiewe gedrag sluit onder andere in:

1. Die reël of bevestiging van enige kontakte tydens of na die weddstryd deur enige nie-amateurmiddele soos telephone, Internet, teksboodskappe, besprekingsgroepe, VoIP, e-pos, sosiale media of Webwerwe.
2. Uitsendings deur die deelnemer op frekwensies buite lisensieperke.
3. Wysiging van tye in die log om bandwisselings- of rustydreëls te omseil.
4. Pogings om krediet vir buitensporige onstaafbare QSO's of vermenigvuldigers te eis.
5. Wye seine (bv. klikke, wydloop) of harmonieke op ander bande.
6. Stasies wat meer as drie opeenvolgende kontakte maak sonder om die roepsein te stuur.

B. Klankopnames: Enige enkeloperateurdeelnemer (sien V.A.1) wat vir 'n Top Vyf-uitslag in die wêreld of 'n vasteland of die VSA meeding, insluitende die Klassieke bykomende kategorie, moet die sender- en ontvangerklank soos deur die operateur gehoor vir die duur van die wedstryd opneem. Die opname moet in 'n algemene formaat (soos mp3) wees en moet die klank in albei ore op afsonderlike kanale bevat. Die opname moet deurlopend wees, nie vir enkele kontakte nie. Aftyd (nie op die lug nie) hoef nie opgeneem te word nie. Die Komitee kan die opname binne 90 dae na die wedstryd aanvra om die log te help beoordeel. Die deelnemer moet die opname binne vyf dae van die versoek af verskaf. **Versuim om die opname te verskaf kan tot die herklassifikasie of diskwalifikasie van die log lei.**

C. Dissiplinêre Aksie: In die geval van 'n oortreding kan die deelnemer op die diskresie van die Komitee gediskwalifiseer word.

1. Gediskwalifiseerde deelnemers sal aan die einde van die gepubliseerde uitslae gelys word en kom nie vir 'n toekenning in aanmerking nie.
2. Kennis van Komiteeaksies word aan die e-posadres op die inskrywing gestuur. Die deelnemer het vyf dae om by die Wedstryddirekteur beswaar teen die besluit aan te teken. Na daardie periode is die beslissing finaal.
3. Die Komitee behou die reg voor om die kategorie van enige inskrywing te wysig op grond van ondersoek van die log of enige ander inligting.

D. Nagaan van Logs: Alle logs word met doelgemaakte programmatuur en menslike oordeel nagegaan.

1. Duplikaat-kontakte word sonder enige bykomende straf verwyder.
2. Kontakte met ’n uitruiling wat verkeerd aangeteken is word sonder bykomende straf verwyder.
3. Roepseinfoute en kontakte wat nie in die ander log verskyn nie word verwyder en met twee maal die QSO-punte vir die kontak gestraf.

XIII. Verklaring:

Deur ’n CQWW DX-Wedstrydlog voor te lê, en in die lig van die pogings van die CQWW DX-Wedstrydkomitee om daardie log na te gaan en te beoordeel, stem die deelnemer onvoorwaardelik en onherroeplik in dat hy/sy: 1) die wedstrydreëls gelees en verstaan het en instem om deur hulle gebind te word, 2) volgens alle reëls en regulasies vir amateurradio in die stasiestandplaas bedryf het, 3) instem dat die log openbaar gemaak kan word, en 4) aanvaar dat diskwalifikasies en ander besluite van die Komitee amptelik en finaal is. Deelnemers wat nie ten volle hieraan wil of kan voldoen nie moet nie ’n log voorlê nie of moet die log as ’n nagaanlog voorlê.

Vrae oor die CQWW DX-Wedstrydreëls kan by <cqww.com/contact.htm> voorgelê word. Antwoorde op algemene vrae is by <cqww.com/rules_faq.htm>.

Die Afrikaanse vertaling van die reëls is ’n diens aan die wedstrydgemeenskap. Die Engelse reëls is gesaghebbend. Vertaling deur Chris R. Burger ZS6EZ.